



## TOULEIER

### Mý gat is klein - loop kyk hoe lyk hulle in Mpoepallankal!



Nou ja, wat kan 'n mens sê, soos 'n kollega aan my noem: "Jy moet seker nou gatvol wees."

Nou praat ek natuurlik van die gat wat skielik in Oxfordstraat hier in Rosebank, Gomorra verskyn het. Reg bokant die Gautrein se tunnel.

Skaars was die nuus uit of ek word gebel en ge-epos. "Jy's nie 'n geoloog se agterent nie!" 'n Ander een stuur vir my 'n foto van die sinkgat met die titel "Hennie se gat." Nog een laat weet: Dis nou nie meer die Gautrein nie, maar eerder die Gattrein!"

Dit net nadat ek 'n hele relaas vir vriend Danie se nuusbrief Egafrikaans geskryf het oor die einste tunnelboormasjien! Eisj! Lyk my Neef Murphy en sommer sy hele gesin het ingetrek.

Maar wag, laat ek die ding bietjie in perspektief stel. Die ou gaatjie is maar skaars groter as ons standaard slaggat wat jy hier in Gauteng kry. Onthou jy nog so 'n paar nuusbriewe gelede?

Dis mos waarvoor die "GP" staan: Groot Potholes. Die ou slootjie daar in Oxfordstraat meet maar skaars 8 meter wyd en is so 300mm diep. Het julle al van die legendariese slaggate in Mpoepallankal gehoor? (MP = Moerse Potholes). Ons gaatjie is nie 'n *patch* op hulle nie.

Kom ons gaan kyk liever na hoe Vredendal laas week van die buitewêreld afgesny was. En na daardie verspoelings en slote by Citrusdal en Clanwilliam - dis nou vir jou gate van formate daai!

Nee wat, ons ou slotjie is sommer in 'n paar dae weer ingevul en reggemaak. Mens moet maar so nou en dan 'n eiertjie of twee breek as jy 'n ordentlike omelet wil maak.

#### **Wat doen jy as jou Kammanuus opdroog?**

Nou na 'n ander saak. Gaan lees bietjie in ons briewe afdeling wat skryf iemand vanuit Thailand.

Mensig mense, kyk nou net hoe lank moes die arme siel oorlewe sonder haar ou k'rantjie! Kom ons leer uit haar ondervinding. Indien jy ooit langer as drie weke gaan sonder dat ons nuusbrief by jou opdaag, moet jy weet daar is fout.

Behalwe vir die onttrekkingsimptome wat jy al teen daardie tyd behoort te ontwikkel, kan jy maar weet dis nie ons wat jou aspris afgehaal het van die poslys nie. **Getresponse**, wat Kammanuus vir ons uitstuur, se sisteem probeer tot drie maal om 'n adres te bereik. Daarna verwyder hy die adres.

Geluklik hou ek 'n rugsteunkopie en herbaai ek gereeld sulke adresse wat tot soveel as 300 kan word wat as onaflewerbaar teruggekom het.

Die grootste sondaar is natuurlik vol posbusse en die IT van maatskappye wat e-posse met aanhangsels aan onderskep.

#### **Wat gemaak indien jou nuusbrief opdroog? Hier is drie maniere:**

1. Stuur weer 'n leë epos aan [Kammanuus@getresponse.com](mailto:Kammanuus@getresponse.com) (gee sommer hierdie adres ook aan vriende en familie om hul eie kopie te bekom)
2. Skryf aan my by [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)
3. Gaan skryf self weer in op die webwerf by [www.onsdorp.com](http://www.onsdorp.com) op die nuusbrief bladsy.

Lekker lees en 'n nog lekkerder week!

**Hennie Greeff**  
Gomorra, Duskanland



# ROELFIE SLAAT RAAK

## □ Geld los nie sulke probleme op nie

AS daar nou een ding is wat Roelfie die horries gee, is dit Duskantland se manier van geld spandeer en wette maak om probleme hok te slaan - sonder dat die betrokke departemente daarin slaag of selfs probeerom dit af te wing.

Elke tweede moroon bestuur met sy selfoon teen sy oor, en kleuters sonder gordels aan in karre is 'n algemene gesig op die paaie. So ook karre sonder nommerplate en al die wrakke op wiele.

Maar daar IS wette daarteen . . .

Daar word nou al jare lank gekarring aan 'n puntestelsel vir verkeersoortredings, wat glo eers in Snor City (ook bekend as Tshwanetoria) getoets gaan word. Dis nou om die jaarlikse slagting op ons paaie te bekamp.

Maar dit sal net werk met behoorlike polisiëring, want die mens is nou maar eenmaal 'n wese wat gedwing moet word om verstandig op te tree. Spietkops onder bome of wat besig is om rustig in werkstyd inkopies in Pik n Petaal te doen, kan nie eers die ou wette toepas nie, wat nog te sê 'n ingewikkelde ding soos 'n puntestelsel te bedryf. Eisj!

Voeg hierby die gemak waarmee 'n rybewys gekoop kan word, die gemak waarmee wetstoepassers omgekoop word, die manier waarop boetes ontduik word en waarop leggers sommer net wegraak. Vrinne, daar is geen kans nie!

Op hierdie gebied, so lees Roelfie, is die Aussies ons ver voor. In die jare sestig was hul paaie 'n slagveld, weens veral dronkbestuur. Hulle het hierdie situasie totaal omgekeer deur bloot die wet met mening en toewyding toe te pas.

Gaan maar lol hier in Duskantland, waar daar gesukkel word om 'n dronk, skellende en rassistiese regter skuldig bevind te kry. Of waar 'n polisiebeampte wat goeters by 'n ongeluk uit 'n kar steel, kort daarna op Caledon tot die stasiebevelvoerder bevorder word.

Newwermaand die kroek wat die hoof van polisie is, en die bobbejaan wat president is en die aap wat dit nog gaan word.

► **En dis maar die oortjies van die seekoei.**

## □ Kan ons dit met Tafelenbedjie doen?

SAN FRANCISCO se satiriese Presidensiële Monumentekommissie gaan kiesers in November vra om hul goedkeuring vir 'n naamsverandering te verleen: Hulle wil hê dat die Oceanside Watersuiweringsaanleg tot die George W. Bush Rioolplaas herdoop word.

Terselfdertyd wil hulle, wanneer Bush uittree, 'n gesinchroniseerde kettingtrek organiseer as "gepaste erkenning vir die werk wat die president gedoen het."

► **Roelfie kan aan 'n hele paar plekke dink wat na Tafelenbedjie vernoem kan word.**

## □ Lawwe Loeloe se raad



DIE minister van kos, Lawwe Loeloe Kingbanana, is een van die stomper messe in die houtkas se laai vol stomp messe.

Die antie is nou skielik - met reg - bekommerd oor stygende kospryse en dalende produksie.

Sy het nou allerhande raad, onder meer dat "die rykes" hul grasperke moet opkap en groente moet plant.

Dit sal dalk beter wees as sy ophou met die idee om wit plase te onteien en aan mense te gee wat nie kan of wil boer nie en eintlik net 'n plek soek om te plak.

► **Dit sal natuurlik ook help as sy begin om iets aan die plaasmoorde te doen, en dalk self bietjie minder eet.**

## □ Gebrekkige kennis

"DIE ANC vaar nie goed met die ekonomie nie. Ek en my broer het ten minste in spazawinkels gewerk, maar as hy uittree, bly daar niemand oor wat selfs 'n spazawinkel bestuur het nie."

-- **Moeletsi Mbeki** oor die mislukking van Swart Ekonomiese Bemagtiging om armoede te verlig.

# Allegaartjie



Die hormoon-gyselaar weet daar is dae in die maand dat 'n man sy lewe in sy hande neem as hy net sy mond oopmaak.

Hier is 'n nuttige handleiding wat saam met jou rybewys in jou beursie hoort.

GEVAARLIK	VEILIGER	VEILIGSTE	ULTRAVEILIG
Wat is daar vir aandete?	Kan ek met aandete help?	Waar kan ek jou vir aandete vat?	<b>Hier, kry vir jou nog wyn</b>
Gaan jy daai rok aantrek?	Sjoe, jy lyk goed in bruin!	Sjoe! Jy boul my uit!	<b>Hier, kry vir jou nog wyn</b>
Waaroor is jy so opgewerk?	Oorreegeer ons nie dalk nie?	Hier is my salaristjek	<b>Hier, kry vir jou nog wyn</b>
Is jy veronderstel om hierdie dis te eet?	Daar's nog baie appels oor, weet jy?	Kan ek vir jou 'n stuk sjokolade kry?	<b>Hier, kry vir jou nog wyn</b>
Wat het jy heeldag gedoen?	Ek hoop jy het dit rustig gevat	Jy lyk lieflik in daai kamerjas!	<b>Hier, kry vir jou nog wyn</b>

## Agt beleefde dinge om te sê as 'n man se gulp oop is

Deur David Letterman

1. Die komkommer het die slaai verlaat.
2. Quasimodo\* moet in die toring teruggaan en sy klokke versorg.
3. Stel jou skinkbordtafel in die regop posisie.
4. Elvis is besig om die gebou te verlaat.
5. Die Buick is nie heeltemal in die garage nie.
6. Ons volgende gas is iemand wat geen bekendstelling nodig het nie.
7. Jy het 'n sekuriteitsrisiko by Los Pantalones.
8. Mans is van Mars, maar ek sien iets wat met Venus rym.

En natuurlik die eg-Afrikaanse een:  
"Daar's as op jou toon."

\*'n Baie lelike en erg mismaakte karakter in Victor Hugo se 1831 novelle *Notre Dame de Paris*.

## ONS MAL WÊRELD

IN LIBANON mag mans wettige seks met diere hê, maar die diere moet vroulik wees. Seks met 'n manlike dier is met die dood strafbaar.

IN BAHREIN mag 'n manlike dokter 'n vrou se geslagsdele inspekteer, maar hy mag nie direk daama kyk nie - slegs na 'n refleksie daarvan in 'n spieël kyk.  
(Lyk dit omgekeerd dan anders?)

MOSLEMS mag nie na 'n lyk se geslagsdele kyk nie - ook nie ondememers nie.  
Die oorledene se geslagsdele moet te alle tye met 'n baksteen of 'n plank bedek wees. ('n Baksteen?)

IN INDONESIA is die straf vir masturbasie onthoofding.  
(Baie erger as om "blind" te word!)



# Dié week se giggels



## KERKBLAADJIES SE AANKONDIGINGS

- ▶ Alle vrouelidmate kom Woensdag die elfde in die biblioteek-saal bymekaar vir 'n praatjie oor die hemel. Hoe jy daar kan kom? Vervoer is beskikbaar om 19:00 vanaf die bushalte oorkant die hotel.
- ▶ Eerskomende Sondag sal daar 'n spesiale kooruitvoering wees, waarna die kerk gesluit sal wees vir herstelwerk.
- ▶ Ons gemeente gaan vanaand lekker melkskommels in die kerksaal drink. Sal alle vroue wat melk skenk asseblief reeds om 18:00 daar wees.

## DINGE BY MA GELEER

Sy het my geleer om myself te ontdek: "Hou op om jou soos jou pa te gedra!"

Sy het my die wetenskap van osmose geleer: "Hou jou mond en eet jou kos!"

Sy het my van uithouvermoë geleer: "Jy sal by daardie tafel sit totdat jy jou spinasie opgeëet het!"

## KAAPSE KOUE

Twee Kapenaars stap in die nat koue in die straat.

Sê die een: "Dit was nou die dag net so koud. Ek stap toe daar by die parlement verby. En raai wat sien ek? 'n Politikus met sy hande in sy eie sakke!"

## GEEN BREKE NIE

Meneer, ek moet jou 'n kaartjie gee omdat jy te vinnig gery het," sê die spietkop. "Wat is jou naam?"

"Ekhard Steekbreek" antwoord die man.

"Moenie my koggel nie, meneer!" sê die spietkop dreigend.

"As jy my nie glo nie," sê die man, "bel vir Absa Bank, ek werk daar". Die spietkop is dadelik op sy selfoon en skakel Absa.

"Hoor hier mevrou," vra die spietkop, "het julle 'n Steekbreek daar?"

"Ag, hemel meneer!" antwoord die dame, "Ons het nie eers 'n teebreek hier nie!"

FLITSLIG: 'n Metaalbuis waarin dooie batterye gestoor word.



Op my ouderdom maak **BLOMME** my bang

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





## MENSE en hul dinge

### □ 'Sharon moet haar kop laat lees'



DIE diereregtegroep Peta is vasbeslote om vas te stel hoekom Sharon Stone so 'n "gebrek aan empatie" het dat sy aanhou om pels te dra. Die groep is bereid om vir die breinskandering te betaal om vas te stel of haar optrede die gevolg van 'n fisiese defek is.

In dieselfde brief word sy aangeval oor haar stelling dat die aardbewings in Sjina te doen het met slegte "karma" oor die wyse waarop Sjina Tibet behandel.

### □ Vark oorleef 36 dae lank

'N VARK wat 36 dae lank in die rommel van die Sjinese aardbewing oorleef het, is deur 'n museum aangeneem.

Die vark - sy naam beteken Vark Sterk Wil - het twee derde van sy liggaamsgewig verloor. Hy het oorleef deur reënwater te drink en houtskool te eet. Die museum in Jinchuan het onderneem om hom die res van sy lewe te versorg as 'n simbool van Sjinese uithouvermoë.

Daar is nou voorstelle om 'n flik oor die vark te maak, en die Sjinese media spekuleer dat dit 'n einde aan diëte kan maak, omdat die vark sy oorlewing aan sy spek te danke het.

### □ Hoender verloor lang stryd



'N SWITSERSE hof het beveel dat 'n hoender elke aand in 'n klankdigte boks toegemaak moet word sodat sy bure 'n goeie nagrus kan geniet.

Die boks moet ten minste agt sentimeter dik en met glaswol geïsoleer wees. Die oortreder moet elke aand van 22:00 tot 07:00 daarin toegemaak word. Dié uitspraak maak 'n einde aan die vyf jaar lange stryd tussen die gesagvoerders in die dorpie Sant'Antonio en die eienaar van die hoender.

### □ Slegte ou dae gewild in Pole



SPARTAANSE eetplekke het hul herverskyning in Pole gemaak vir mense wat nostalgies is oor die slegte ou dae onder kommunisme.

Die eetplekke - met aaklige kos en eetgerei wat aan die tafels vasgeketting is om te keer dat dit gesteel word - was een van die min plekke waar die kamera-de kon eet voor die omverwerping van die linkse regime. Die 15 nuwe eetplekke in Warskou is só besig dat dit amper onmoontlik is om 'n tafel te kry.

"Die personeel is ongeskik, die kos is gooren die diens is niebestaande. Dis presies net soos dit was," het een baie gelukkige klant gesê.

### □ Bra vreemde vlermuis



'N JONG Britse vrou het "van kop tot tone gebewe" toe sy 'n babavlermuis ontdek wat hom in haar bra opgekrul het - nadat sy eers gedink het die "vibrasies" word deur haar selfoon veroorsaak.

Me. Abbie Hawkins (19) 'n hotelontvangsdame van Norwich, het "vreemde woeling" gevoel. "Ek het my hand in my bra gedruk en 'n wollerige vlermuis uitgetrek."

Sy het vertel die bra was in haar laai nadat dit die vorige dag gewas is, maar sy het niks agtergekom toe sy dit aangetrek het nie.

### □ Onderklere red vrou in berg

'N AMERIKAANSE vrou wat 70 uur op 'n rotslys in die Alpe vasgekeer was, het eergister haar onderklere gebruik om 'n SOS te stuur.

'n Polisiehelikopter het haar toe in die berge bo Berchtesgaden, Duitsland, opgepik.

Die vrou (24) het haar enkel en skouer beseer toe sy in 'n berguitstappie geval het. Nadat sy drie dae vergeefs probeer aandag trek het, het sy haar frokkie uitgetrek en dit op 'n vervoerband gegooi wat teen die afgrond afloop.

Die frokkie het 2 000 m teen die band, wat boomstompe vervoer, afgeval, en in 'n houtwerf beland. 'n Werker het besef die kledingstuk hou verband met die vermiste persoon waaroor die dorpnaars gis.



## MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

### 'President' op 'n fiets kry die lig groen

Deur skutter F. Lombard

AS lid van die Staatspresidentswag het ons gereeld tussen die Kaap en Pretoria beweeg om wag te staan wanneer die president by een van die twee ampswonings tuis was.

In Pretoria was ons wagkamer ver van die huis af en ons het voor die hoofhek gestaan. Reg voor die hoofhek in Kerkstraat was daar 'n robot. Ons het vanuit die wagkamer volle beheer oor hierdie verkeerslig gehad.

So kon ons dan elke keer wanneer die president uitgegaan het, sorg dat hy nie by die hek hoef te wag nie. Hulle het ons net laat weet dat hy op pad is, en op die gegewe tyd het ons dan die robot vir die verkeer op rooi gesit.

Sodra die President uit is, het ons weer die robot na groen verander.

Een Vrydag was ons groep weer op wagdiens. So teen die middag was almal dors en lus vir iets soets. Ek stel toe voor dat ek die tuinjong se fiets sal leen en vir almal iets by die kafee gaan kry.

Ek trek my uniform se baadjie uit en trek sommer 'n trui aan. Klim op die fiets en daar is ek op pad hek toe. Van my makkers dink toe dit is 'n goeie idee om die robot na rooi te verander. 'n Ander een maak die hek vir my oop.

Kyk, Kerkstraat is gewoonlik baie besig, maar op 'n Vrydagmiddag is hy eers woelig! So word die hele Kerkstraat se verkeer tot stilstand gebring, en omdat alle Pretorianers weet daardie lig verander net as die President gaan uitkom, wag almal met afwagting vir die President om sy verskyning te maak.

Selfs die voetgangers stop almal om te kyk. Al wat egter sy verskyning maak is ek, kiertsregop, op die tuinier se lendelem fiets.

Toe hulle sien wat aant gebeur is, word daar op die toeters geleun, en so uit die hoek van my oog kon ek sien hoe word ek vinger gewys. Bloedrooi in die gesig is ek maar bra vinnig oor die pad.

Met die terugkomsag maak hulle toe weer so. Praat van die misbruik van mag.

## Die hele 'ou' army is in Bagdad!

**Pieter Potgieter reageer uit Irak op ons stories oor die ou dae:**

Goeie dag uit 'n "vuurwarm" Bagdad!

Julle oues van dae (newwermaaand, op 52 val ek ook in daai kategorie!) wat so terugverlang army toe - kom maak 'n draai hier in Die Sandput en herleef die "ou" SA Weermag+Seuns.

ALMAL is hier! Legendes soos staf Sakkie van 1 Valskermbataljon, 90% van die Recces, die kanondonkies se offisiërskorps, die Infanterieskool, die hele Geniekorps ens. En geniet ons dit!

Ons maak die lang aande kort met stories oor ons army-dae. Wat wonderlik is, is die vriendskapsbande wat ons weer smee en die weersiens van ou kamerade ná 20 of 30 jaar.

Julle kan dink hoe ons dit vier. Hierdie is 'n gesinskanaal, so ek sal maar die vieslike detail los.

Enigiemand wat navrae het oor ou kamerade of die lewe hier in Irak oor die algemeen: Julle is welkom om my te mail.

Groete en lekker bibber - vandag is weer 'n heerlike sonnige 54,5 °C hier in Bagdad.

[potgieterpie@yaho.com](mailto:potgieterpie@yaho.com)



## Brood vir die Blik

### Anna se Braaivleisbroodjie

500 ml fyn gerasperde wortels	425 ml kookwater
30 ml olie	15 ml heuning
500 ml meliemeel	2 ml rooipeper
5 ml sout	4 ekstra groot eiers, geskei

Voorverhit die oond tot 180 °C en voer twee broodpannetjies se bodem met bakpapier uit. Smeer of spuit die pannetjies. Meng wortel, kookwater, olie en heuning. Sif meliemeel, peper en sout saam en voeg by die wortelmengsel.

Klits eiergele en voeg by die mengsel. Klits eierwitte tot stywepunt stadium en vou dit liggies in by die mengsel. Skep mengsel in pannetjies en bak 45-50 minute.

● **Hierdie resep kom uit een van Anna Eksteen se reeks e-kookboeke.**

Onsdorp sal binnekort al haar boeke op ons webwerf by [www.onsdorp.com](http://www.onsdorp.com) te koop aanbied.

Indien jy 'n voorlopige lys van Anna se boeke wil besigtig, stuur vir my 'n e-pos aan: [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) met die opskrif RESEPTE.



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Een van die suksesvolste afdelings op *Onsdorp* se webwerf is die Stamboom-afdeling. Daar gaan plaas mense die familienaam wat hulle wil navors. Ander met dieselfde van maak dan kontak met hulle, en so vorder die navorsing aan beide kante. *Onsdorp* verskaf net die forum, die werk word deur die mense self gedoen.

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

#### Barnard

[cecilia.simonis@gmail.com](mailto:cecilia.simonis@gmail.com) Ek doen navorsing oor die volgende vanne: Barnard, Marx, Maritz, Lombard, Kruger, de Villiers, Van Straaten, en Botha.

#### Botha

[hmevh@mweb.co.za](mailto:hmevh@mweb.co.za) My pa is Johannes P.H. Botha, gebore 6/4/22, my ma Maria E., gebore 17/9/24.

#### Chieppa

[cotie@telkomsa.net](mailto:cotie@telkomsa.net) Savino Chieppa was 'n Italiaanse krygsgevangene Ek soek sy nasate. Is besig om 'n stamboek saam te stel vir my kleinkinders.

#### Coetzee

[ansa.coetzee@gmail.com](mailto:ansa.coetzee@gmail.com) My nooiensvan was Stander.

#### Kirchner

[pottertr@telkomsa.net](mailto:pottertr@telkomsa.net) My naam is Trudi Roos en my van was Kirchner. Ons het op Senekal gebly waar my oupagrootjie die eerste skoolhoof was. Kontak my. Ons het ook 'n groep op Facebook.

#### Nortje

[nortj@acenet.co.za](mailto:nortj@acenet.co.za) Jan Johannes is die voorname. Daar mag moontlik John Samuel betrokke wees?

#### Prins

[daniep@blmbrokers.co.za](mailto:daniep@blmbrokers.co.za) Daniel Jacobus. Vader: Daniel Wilhelm Marthinus. Moeder: Susanna Jacoba (Hayman). Oupa: Johannes Prins. Ons Prinse kom hoofsaaklik uit die Clanwilliam-/Calvinia-omgewing.

#### Stander

[ansa.coetzee@gmail.com](mailto:ansa.coetzee@gmail.com) Ek is in Steynsrus gebore en het daar grootgeword. Ansa Stander (nooiensvan). Getroude van Coetzee.

#### Smuts

[jpsmuts@gmail.com](mailto:jpsmuts@gmail.com) Ek is Jannie Smuts Gereg (John Pheasant Smuts). My Pa was Stephen Pieter Smuts. Familienaam Gustav, Tobie, Jannie, Niel, Emmelia.

#### Van Vuuren

[boerenootjie@hotmail.com](mailto:boerenootjie@hotmail.com) Ek soek mense met die vanne van Van Vuuren en Swarepoel. Al wat ek weet, is dat albei families in die Groot-Karoo (Beaufort-Wes) opgegroeie het.

#### Wessels

[propertybhs@penta-net.co.za](http://propertybhs@penta-net.co.za) Stuur meer inligting oor Wessels asb.





# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

### Wie weet van die Myburghs?

**Mev. Myburgh, iewers uit die Vrystaat:**

Baie dankie vir die ontspanne webwerf. Ek geniet julle nuusbriewe baie.

Ek het oorspronklik ingeteken omdat enige iets met "stamboom" my aandag trek. My nooiensvan is Baumgarten, en omdat dit seker een van die mooiste skaarste vanne is sou ek meer oor die van wou weet ens.

Omdat ek tuisonderig gee, leef ek myself vreeslik in die geskiedenis in. En sou graag wou weet waar pas die Myburgh's (my nuwe van) in die geskiedenis in.

Ysige groete van die koue Vrystaat.

- *(Hierdie briefie het oorgeloop uit ons afdeling oor Stambome. - Hennie.)*

### Verlorene terug in ons midde

**Louise Steytler, Thailand:**

Dit voel soos honderd jaar gelede, maar toe jy OnsDorp begin het, was ek ingeteken.

Op 'n stadium het Kammanuus net opgedroog en ek het gedink jy het gesneuwel.

Ek sit in Thailand en speel op die internet en hier spring Kammanuus uit in pragtige nuwe formaat. Dit was nou lekker, veral aangesien ek woes na SA begin verlang.

Stuur asb weer vir my die nuusbriewe.

- *(So gemaak. En nou moet jy vir ons vertel van die hoekoms en die hoe's in Thailand. Eet jy al hond? - Hennie.)*

## AGTEROS

# Jannie se briefie

'n Pa stap by sy seun se kamer verby en merk dat die kamer in 'n perfekte toestand is. Als is opgetel en die selfs die bed is opgemaak. In die middel van die bed, so teen die kussings, is netjies 'n briefie geplaas wat aan "PA" geadresseer is.

Met bewende hande maak hy die briefie oop, wetende dat dit slegte nuus gaan wees.

Liefste Pappie,

Dis met groot hartseer en jammerte dat ek die briefie skryf. Sien, ek het wegeloop saam met Ansie, my nuwe meisie.

Ek het net nie kans gesien het vir hele geveg met ma en pa nie. Ek het ware hartstog gevind by Ansie en sy's 'n baie lekker meisie. Ek het egter geweet julle sal nie byklank vind met al haar ringe deur die neus ore en elders nie.

Julle sal seker ook nie hou van haar tatoes nie en die stywe swart motorfietsklere wat sy dra nie. Veral nie oor die feit dat sy baie ouer is as ek nie.

Dis egter nie net oor die fantastiese seks nie, pa, sy is ook swanger.

Ansie sê ons sal baie gelukkig wees. Sy besit 'n tent in die woud en ons het 'n klomp hout om die winter deur te sien. Ons deel dieselfde droom om nog baie kinders te kry en sommer gou ook.

Ansie het my ook laat besef dat dagga nie eintlik skadelik is nie. Ons gaan dit kweek en dan aan ons bure verhandel om haar kokaïne-behoefte te bevredig.

Intussen moet julle help bid dat hulle 'n kuur vind vir vigs sodat Ansie kan



Intussen moet julle help bid dat hulle 'n kuur vind vir vigs sodat Ansie kan gesond word. Sy verdien beter.

Moenie stres nie Pa, ek's 15 en weet hoe om na myself te kyk. Eendag sal ons huis toe kom sodat julle jul kleinkinders kan ontmoet.

Liefdegroete,

Jannie

Naskrif. Pa, niks van wat hierbo geskryf is, is waar nie. Ek is by Kosie-hulle se huis. Ek wou net vir pa herinner dat daar baie slegter dinge in die lewe kan gebeur as 'n swak rapportkaart. Ek het hom vir pa in die laai van my lessenaar gelos.

Ek is lief vir Pa.

Laat weet wanneer dit veilig is om huis toe te kom.

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 28 JULIE**